# FRESH – ‘n Nuwe Begin - Josua 1 en 2: Volg die ark!!

## Inleiding

Vertel eers vir mekaar van julle vakansies. Hoe en waar en saam met wie het julle Kersfees gevier en die Nuwe jaar?

## Agtergrond

Israel was vir 40 jaar in die woestyn. En gewoonlik dink ons aan **woestyn tye as swaar en moeilike tye**, tye van droogte en hongersnood.

***Watter swaar woestyntye was daar in jou lewe?***

Maar **woestyntye is ook tye van voorbereiding**. (Onthou: Jesus is ook 40 dae woestyn toe on Hom vir sy bediening voor te berei – Matteus 4:1-11). Die Israeliete was 400 jaar lank slawe in Egipte, en het gee idee gehad wat vryheid beteken nie. Hulle het in ‘n multi-godsdiens wêreld geleef en het geen idee gehad wat dit beteken om net een God te dien nie. En in die woestyn leer hulle om God te dien, leer hulle wat dit beteken om aan god afhanklik te wees en aan Hom toegewy te wees. God berei hulle voor om sy volk te wees.
En nou staan hulle opd ie rand van die Beloofde Land en dit is die toets of hulle dit gaan leef?

***Waarvoor dink jy berei God jou voor met woestyntye?***

## Skriflesing: Lees Josua 3

Die vraag vir Israel was: **Hoe kan die lesse wat hulle in die woestyn geleer het vir hulle in die Beloofde Land help?**
Die vraag vir ons is: **Hoe kan die lesse wat ons in swaar tye geleer het, vir ons in hierdie jaar help?**

Daar was **3 goed** wat Israel moes doen om oor die Jordaan, in die Beloofde Land in te trek:

1. **Wag** – **3:1-2** – Israel het geduld geleer in die woestyn. Hulle trek 40 jaar!! Ons moet leer om geduldig te wees en toe te laat dat God in ons werk.

    ***Wat maak dit vir jou moeilik om te wag****?*

    ***Wat dink jy is die waarde van wag/geduld?***



2. **Reinig julleself – 3:5** – ***Waarom dink julle is God so ernstig hieroor?***

Ons sonde keer dat God wonderwerke in ons lewens kan doen!

***Baie persoonlik: Waarvan moet jy skoon kom?***

***3.*** **Die derde opdrag was: Volg die ark – 3:3** *(Onthou in die woestyn het hulle die wolkkolom en vuurkolom gevolg en hulle was gewoond daaraan om agter God aan te trek)*

**Wat dink julle sou dit vandag beteken het om die ark te volg?**

*Dalk iets soos gehoorsaamheid?*

**Watter rede gee die Here vir Josua in 3:4 hiervoor?**

**Watter opdrag en belofte lê daarin vir ons opgesluit vir hierdie nuwe jaar en nuwe uitdagings?**

Vir my is die **aangrypendste deel van hierdie verhaal** wat in **v 14-16a** gebeur. Toe hulle by die rivier in vloed kom, **stap hulle reguit die rivier in! v 15b** Hulle het die Here soveel vertrou dat hulle nie gehuiwer het nie... **En eers toe hulle voete die water raak**, in vlakwater kom - **v 16**, gaan staan die rivier, hoop die water op! Ons gaan God nie sien werk as jy nie gehoorsaam gaan wees nie... as ons nie bereid is om te waag nie!

**Hoe gaan jy dit vanjaar doen?**

**Watter beloftes gee die Here vir julle vir hierdie jaar?**

## Ons bid vir:

1. Noem een saak uit hierdie gedeelte wat jy geleer het, wat die groep vir jou moet bid voor.
2. Bid vir die uitdagings van hierdie nuwe jaar
3. Dank die Here vir sy beloftes

